

INHOUDSOPGAWE

Moenie oordeel nie!	1
Leiding en lig	5
Kan jy seker wees van God se bewaring tot saligheid?	7
In die hofsaal	9
Die praktyk van die stryd	11

REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,
Johannesburg
jopie1976@gmail.com

MOENIE OORDEEL NIE!

Angus Stewart

“Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie”

Matthéüs 7:1

(Vorige keer het ons gesien dat die Christen geroep word om te oordeel. Hy oordeel vanuit sy posisie of amp in die lewe (bv. ouer, regter of ouderling), met behoorlike inagneming van die feite (aan beide kante), met genade (inagnemend versagter omstandighede), in liefde (vir die Drie-enige God en sy waarheid, en vir sy naaste), in ootmoed (as 'n dienskneg en nie as 'n heer nie) en ooreenkomstig die beginsels van die Skrif. In hierdie uitgawe vervolg ons met die verkeerde tipe oordeel wat deur die Skrif verbied word).

Sondig oordeel

Ons gaan nou vervolgens aandag gee aan die oordeel wat verbied word: “Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie” (Matthéüs 7:1).

Ons moet iemand nie oor “adiafora”, dit wil sê middelmatige sake, oordeel nie. Dat “adiafora” Bybels so gekategoriseer word, word in Romeine 14 en 1 Korinthiërs 8 geleer. So, byvoorbeeld, as iemand net groente eet, is dit nie *per se* sondig nie en moet ons hom nie daarvoor



oordeel of verag nie, want “. . . die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees” (Romeine 14:17).

Ons moet nie in sake wat nie by ons berus, oordeel, of in geskille wat met ons niks te doen het, betrokke raak nie. “Hy wat 'n verbylopende hond aan die ore gryp, is een wat hom vererg oor 'n twis wat hom nie aangaan nie” (Spreuke 26:17). So vermaan Petrus dan ook dat “. . . niemand van julle moet ly . . . as een wat hom met die sake van 'n ander bemoei nie” (1 Petrus 4:15).

Ons moet nie oordeel sonder dat ons die feite wat in 'n saak relevant is, ken nie. As dit werklik by jou berus om 'n saak te bereg, moet jy beide kante in die geskil aanhoor. Sonder om beide kante te hoor is jy nie in staat om te

oordeel nie. Een kant sal nie noodwendig reg wees omdat hy of sy voorop is om die saak te stel nie. *“Hy wat die eerste in sy regspraak is, het reg; maar sy naaste kom en ondersoek hom terdeë”* (Spreuke 18:17).

Ons moet nie ander mense se bedoelings oordeel nie. Weet jy wie was skuldig aan oordeel van iemand se bedoeling, in die bekendste voorbeeld van hierdie sonde? Die duivel! Satan het Job se bedoeling geoordeel: *“Is dit verniet dat Job God vrees?”* (Job 1:9). Die duivel was so boos, en verhard in hierdie boosheid, dat hy die vrome Job by God self hiervan aankla! Maar die duivel was doodverkeerd! Job het, anders as die duivel se aanklag (vers 10) God nie gedien vir wat hy daaruit kon kry nie. Job het God gedien omdat hy Hom liefhet en Hom vrees (vers 1). God alleen ken die mens se diepste bedoelinge. *“Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die Here kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van God ontvang”* (1 Korinthiërs 4:5).

Ons moet nie sonder barmhartigheid oordeel nie. Liefde eis dat ons nie bose bedoelings aan goeie dade heg nie. Liefde eis dat ons by twyfelagtige optrede die voordeligste verklaring moet soek. Ons moet nie ’n *“sondaar brandmerk ter wille van ’n woord”* nie (Jesaja 29:21). Ons moet ook versagter omstandighede in gedagte hou en dat ons ook swak en sondig is. *“Hoe sou ek in so ’n moeilike situasie opgetree het? Miskien sou ek ook . . .”*

Ons moet nie hiperkrities oordeel nie. Sommige mense hou daarvan om te oordeel, te kritiseer en mense af te kraak. Hulle soek gedurig na ’n fout, wat hulle dan sonder meer buite alle verhouding vergroot. Hulle is bly as hulle iets kry om te kritiseer en hulle is mismoedig as hulle nie

fout vind nie, want dan het hulle niks om te sê nie.

Ons moet nie uit eiegeregtigheid oordeel nie. Dit is die sonde van die Fariseër in die Here se gelykenis: *“o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie — rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek was twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry”* (Lukas 18:11-12). Wanneer ons ander afkraak, is dit dikwels om onself goed te laat lyk en goed te laat voel, want wanneer ons na die sonde van ander vingerwys, is dit moeilik om aan ons eie ongeregtigheid te dink. Dit word ’n plaasvervanger vir ons sondebelydenis en die ervaring van vergiffenis deur die kruis en Gees van Christus. *“Ek moet verligting van die my sondeskuld kry, maar ek gaan my nie voor God verootmoedig nie. In plaas daarvan sal ek vertel hoe sleg ander is, dan sal ek nie so skuldig voel nie”*.

Ons moet nie oordeel asof ons die finale regters is nie. God alleen is die hoogste Regter en Hy oordeel volgens sy Woord (Johannes 12:48). Ons oordeel is voorlopig. Jehovah is die Regter van die hele aarde en Hy is ook my en jou Regter. Daarom moet ons nie dink of praat asof ons oordeel die hoogste en finale is nie.

Oordeel in die kerk

Nou dat ons die soorte sondige oordeel beskou het, moet ons ook kyk na die sfeer waarin sondige oordeel in besonder verbied word. Ons lees in die drie verse wat volg op die Here se verbod in Mattheüs 7:1: *“En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk! Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die*

Die vrug van sendingwerk word bepaal deur wat binne die kerk gebeur, en nie in die eerste plek deur wat daar buite op die sendingsveld gebeur nie.

oog van jou broeder uit te haal" (3-5). Jou broeder! Nie alleen jou fisiese broeder nie, maar jou geestelike broeder (of suster) in die kerk!

Vanselfsprekend word sondige oordeel in alle sfere verbied: familie, gesin, werksplek, skool, buurt, ens., maar in Matthéüs 7 word dit in besonder met betrekking tot die mede heiliges in die kerk verbied. Hulle moet ons in besonder liefhê (I Korinthiërs 13:4-7) en oor hulle allermens veroordelend wees (Matthéüs 7:1-5).

As ons nie met die Here wandel nie is die teenoorgestelde dikwels waar. Ons is verdraagsaam teenoor byna almal, maar ons veroordeel ons broeders en susters in die kerk. Dit moet nie so wees nie!

Ons moet nie die bedoelings van ons broeders hard, blindweg of onverhoord oordeel, of elke woord of optrede skeef aankyk nie. Ons moet nie teenoor 'n ouderling, predikant of diaken hiperkrities wees, sodat byna alles wat hulle doen met agterdog en argwaan bejeën word nie. Ons moet hulle ook nie uit eiegeregtigheid oordeel om onself te laat goed voel of goed lyk nie. Laat ons eerder, as mense wat deur Christus verlos en "wedergebore" is "*mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart*" (I Petrus 1: 22-23).

Geveinsdheid

Hierna beklemtoon Christus die sonde van geveinsdheid — om iemand te veroordeel vir 'n kwaad wat ons self begaan of vir 'n sonde waaraan ons net so, of meer, skuldig is. "*En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk,*

in jou eie oog is die balk! Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal" (3-5). Ons is geroep om van ons eie sondes te bekeer en weg te draai (veral as hulle groot is) en dan ons broeder met sy sonde (wat dikwels nie so groot is as ons eie nie) te help (en nie om hom vitterig aan te val nie).

Hoe oordeel God?

In Matthéüs 7 laat die Here Jesus 'n skerp waarskuwing hoor teen sondige oordeel: "*Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word*" (1-2). Dit is bedoel om ons tot ware vrees van die Almagtige God en tot vrees vir bese oordele aan te spoor. Die woorde van Christus moedig ons aan om hierdie onregverdigheid te vermy. Hulle wat sondig oordeel sal nie deur mense geoordeel word nie, maar deur God.

Deur God sal hulle streng geoordeel word. Hulle sal deur God geoordeel word aan die oordeel wat hulle aan ander toegemeet het (1-2). As jy dink dat jou sondige oordeel regverdig was, sal jy in eie munt terugbetaal word!

Hoe oordeel God diegene wat ander in hierdie lewe sondig oordeel? Hy gee hulle aan hierdie sonde oor, sodat hulle dit meer en meer en op al hoe meer terreine doen. Die Skrifgedeelte handel met gedrag van mense wat daarop aanspraak maak dat hulle burgers is van die koninkryk van die hemel en wat hulle broeders sondig veroordeel (3-5). Uiteindelik kom dié vraag by diegene wat hulle broeders sondig veroordeel op: "Hoekom sal ek met slegte mense



Ek preek asof ek nooit weer sal kan preek nie, en as 'n sterwende mens aan sterwende mense.

- Richard Baxter

soos hierdie gemeenskap beoefen?" Tensy hulle hul bekeer, verlaat hulle wat hulle broeders sondig veroordeel, dan uiteindelik die kerk. Soms bevind diegene wat hulle broeders en susters met bese harte en dade veroordeel, hulle vroeër of later onder die kerklike tug. In navolging van ouers wat voortdurend hulle broeders veroordeel, verlaat kinders, wanneer hulle ouer is, ook dikwels die kerk.

In die oordeelsdag mag dit inderdaad wel wees dat sondige veroordelaars sal sien dat hulle nooit ware gelowiges was nie! Hulle onvermoë om hulle broeders lief te hê of om aan hulle barmhartigheid te betoon, het gewys dat hulle vreemd was aan die genade van God in die kruis van Christus.

Die Skrif verklaar: *"Want ons moet almal voor*

die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad" (2 Korinthiërs 5:10). Die "ons" sluit die goddeloses én Paulus én Timótheüs (1;1) én die lidmate van die kerk in Korinthe én alle gelowiges, in. Tussen die dinge wat ons gedoen het wat "kwaad" was, sal ook ons sondige veroordeling wees!

Laat ons daarom eerder mekaar liefhê soos Christus ons liefgehad het (Johannes 13:34) en mekaar nie sondig oordeel nie. Laat ons daarom vertrou dat ons sonde in die verlede is, by die kruis waar Christus gesterf het, *"die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring"* (1 Petrus 3:18)!

Mense dink soms dat die doel van gehoorsaamheid aan God se wet eenvoudig is om Hom gelukkig te hou. Dit is waar dat Hy bly is as ons sy wet onderhou, maar die rede waarom God sy wet aan ons gegee het, is nie tot sy eie beswil nie, maar tot ons beswil. Dit is die God wat die Skepper is van menslike lewe, die God wat weet wat die beste is vir sy mense en vir alle mense. Die Tien Gebooie word dikwels beskryf as die Vervaardiger se instruksies -- vir hoe menslike lewe die beste kan funksioneer. Daar is die meeste vervulling en blydskap in ons lewe wanneer ons God se wet gehoorsaam.

CJH Wright (in: *Ambassadors to the world*)

Here, stuur ons so 'n vloed van u liefde dat ons gewas sal word van al die modder van twyfel en ang.

- C.H. Spurgeon

LEIDING EN LIG

H Peet



“En die HERE het voor hulle uitgetrek, bedags in ’n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in ’n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek”

Eksodus 13:21

Die volk Israel is uit Egipte bevry. Dit is nie vir God ’n tyd om Hom terug te trek nie. Hy bly by sy volk aanwesig in die wolk- en vuurkolom. God gee deur sy leiding inhoud aan die vryheid. Die vryheid is nie alleen *van* Hom nie, maar ook *vir* Hom!

Die wolk- en vuurkolom word in die Skrif nou verbind met die heerlikheid van God. Ons dink aan die vuur wat in die wolkkolom skuil. God is met sy heerlikheid by sy volk aanwesig. Die heerlikheid is sy grootheid, sy majesteit. Dit is die heerlikheid wat Moses kon hoor, maar nie kon sien nie. Vandaar dat die HERE op ’n verborge wyse by sy volk aanwesig is. Die wolk verberg God se aanwesigheid vir die oog.

Hy is met sy volle Godwees by sy volk

aanwesig, maar die aanwesigheid is bedek omdat die sondige volk andersins nie die aanwesigheid sou kon verdra nie. Die leiding wat die volk ontvang is ’n onverdiende geskenk!

Leiding

Die wolkkolom is bedoel om die volk te lei. Dié leiding begin sodra die volk die woestyn ingaan. Dan verskyn God op ’n besondere wyse. Die Israeliete hoef nie self die pad te vind nie, dit word deur die HERE gebaan. Die HERE kom eerste elke moeilikheid op die pad teë, want Hy gaan vooruit. God kies nie altyd die mees voor die hand liggende roete nie. Die volk word nie op die kortste roete na die beloofde land gelei nie. Die HERE lei sy volk langs ’n omweg, omdat hulle nog nie die stryd kan aandurf nie (v. 17, 18). Dit lyk egter asof die volk van een probleem na ’n groter een beweeg het. Oorlog word hulle gespaar, maar hulle loop hulle hopeloos vas teen die Rooisee. Mens sou kon dink dat God ’n vergissing begaan het, maar dan maak ons ’n fout.

Wanneer God ons lei, skep Hy dikwels weë waar ons nie kan sien nie, sodat ons ook as ons dink dat alle paaie doodgeloop het, steeds verder kan gaan. Juis dan toon die Here wat Hy beteken. Hy beskik oor ongekende middele. Hy gaan met sy héérlikheid voor die volk uit en red Goddelik wonderbaar. God kán met sy volk op ompaaie gaan. Maar God kán ook telkens weer help. Juis op die ompaaie word ervaar wat die Here vir ons beteken. Dit is oneindig meer as wat ons kan hoop en glo. Wanneer die Here voor gaan, loop ons ons nie vas nie, maar kom ons in die

Kennis sonder Christus is maar net uitgebreide en voortreflike onkunde.

- John Donne

beloofde land.

Lig

Die wolkkolom sorg nie net vir leiding nie, maar ook vir lig. Snags sien hulle dat daar 'n vuur in die wolk skuil, wat deur die fyn druppeltjies lig na buite straal. Ook snags is die volk nie sonder lig nie. Selfs snags kan hulle voorttrek. God het sy volk nie bevry om in die duisternis nie, maar in die lig te wandel, want Hy is self die lig vir sy volk. Letterlik. As alle ligte uitdoof, bly die aanwesigheid van die Here vir sy volk 'n liggende aanwesigheid. God gee nie sy volk aan die duisternis prys nie. Hy het hulle vir die lig geskape!

God kán met sy volk op ompaaie gaan. Maar God kán ook telkens weer help.

So sorg God dat sy volk nie in die duister hoef rond te tas nie. Die duister is aan alle kante, ook vandag. Baie ligte gaan dood. Die duister ruk van alle kante op, want die vors van die duisternis is baie bedrywig. Dit kan 'n mens baie bang maak. Net op een plek is ons veilig teen

die duister - in die ligkring van God se aanwesigheid, waar ons ons deur Hom laat lei.

Christus: leiding en lig

Ons sien in die wolk- en vuurkolom 'n heenwysing na die Here Jesus. In Hom ontmoet ons God self. Hy is Gód se eniggebore Seun; só is God in Hom volkome by sy volk aanwesig. Terselfdertyd is dit 'n bedekte aanwesigheid. Dit is God, bedek in menslike vlees. Sy mag en majesteit skuil in die gestalte van die Dienskneg. In Hom kry die genadige teenwoordigheid van God op 'n unieke wyse gestalte.

In Hom kom God vandag na ons en sê "volg My"! Ek wys die pad aan, Ek gaan voor, jy hoef maar net te volg. Wie My liefhet, moet My volg. Is dit nie goeie nuus vir mense wat leiding nodig het, maar te goed weet dat hulle dit nie verdien het nie? In Christus spreek God die verlossende woord. Christus waarborg dat die vryheid wat ons ván Hom ontvang, ook vír Hom sal wees! Wie Hom volg, ontvang leiding en lig. Hy word nooit aan die duister prysgegee nie - Jesus is immers die Lig van die wêreld - maar hy kom vas en seker in die beloofde land, want Jesus is die Leidsman en die Voleinder van die geloof.

Die hoofdoel van my lewe, waar die goeie voorsienigheid van God my ook al plaas, is dat alle aspekte van my lewe geheilig word. Ja, dat selfs ook die harte en optrede van ander deur my lewenswyse verander mag word, tot eer van God. Mag my optrede daartoe lei dat die evangelie van ons Here en Verlosser Jesus Christus in alles versier word.

John Owen

Met watter eienskappe 'n mens God ook al beskryf, Hy is dit oneindig.

- A.W. Tozer

KAN JY SEKER WEES VAN GOD SE BEWARING TOT SALIGHEID?

H de Graaf



Ons bely dat die drie-enige God die waarborg is vir die behoud van sy kinders. Die Vader dink aan sy ewige, onveranderlike raad. Die Seun bid vir dié wat aan Hom behoort. Die Heilige Gees is aan hulle gegee as 'n onderpand van hulle volkome verlossing (Dordtse Leerreëls, hoofstuk 5, artikels 1-11).

Het ons dan nou ook die persoonlike troos en sekerheid dat God ons tot aan die eindoorwinning bewaar? Ook as dit vir ons voel asof ons op 'n afdraande pad is? As ons gewete ons aankla, ons aan geen mens behoefte het nie en die duiwel ons bestry?

Besondere openbaring?

Die Roomse kerk leer dat die gelowige nooit seker kan wees van die ewige saligheid nie. Dit is nog altyd moontlik dat jy in 'n doodsonde kan val. Sommiges, soos Paulus, kan die sekerheid deur 'n besondere openbaring kry. Jy kan in jou lewe meer goeie werke as sonde doen, maar absolute sekerheid is daar nie. Die Remonstrante het dit ook geleer: sonder besondere openbaring is daar geen sekerheid van toekomstige volharding nie.

En ons? Is ons in die praktyk meer Rooms en Remonstrants as wat ons sou wou erken? Wag ons op 'n besondere openbaring, 'n stem, 'n droom, 'n oorstelpende gevoel waarna ons kan sê: ja, nou is ek seker dat ek 'n kind van God is en dit ewig sal bly?

Daar is hulle wat nie durf sê: ek weet aan Wie ek my toevertrou, nie. Maar die Bybelse hoop is juis sekerheid!

“Ek hoop steeds op die HERE
my siel wag ongestoord,
ek pleit soos ander kere
op sy onfeilbaar woord...”

(Psalm 130:3, berym)

Dit is sekerheid deur die Heilige Gees!

Na die maat van die geloof

Die meer geprese as gelese Dordtse Leerreëls sing ons toe: *“Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof. Hulle het hieroor*

God se liefde is 'n vrye liefde – dit het geen motief of grond nie, behalwe in homself.

- Thomas Brooks

sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lidmate van die kerk is en altyd sal bly en dat hulle vergifnis van sondes en die ewige lewe het" (DL 5, 9).

Sekerheid na die mate waarin die geloof geoefen word. En hierdie geloof is in die beloftes van God wat Hy in sy Woord oorvloediglik tot ons troos geopenbaar het, waarvan Christus die ryke inhoud is. In Hom is al die beloftes van God ja en amen.

Hoe kry ek sekerheid? Deur 'n spesiale openbaring? Deur eers te weet of ek by die uitverkorenes hoort? Nee, net deur my in die geloof vas te klou aan die beloftes van God.

Geloof en gevoel

Ewenwel blyk dit uit die Skrif dat die gelowiges, deur allerlei aanvegtinge en vertwyfeling, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en sekerheid van die volharding ondervind nie.

In sulke gevalle word oor geloof en oor gevoel gepraat. As 'n mens die twee verwar, verwar mens die sekerheid van die geloof met die sekerheid van die gevoel. Dan vergeet mens dat die geloof 'die boom' en die gevoel 'die vrugte' is.

Ons bely dan ook nie dat die gelowige na die mate van die gevoel verseker is nie, maar na die mate van die geloof. Ons *ge*-loof moet altyd gerig word op wat God *be*-loof.

Ook al sien u niks, al voel u niks, al ervaar u niks anders as aanvegting en twyfel nie: u mag uself, ondanks alles en te midde van alles, aan die beloftes van God toevertrou. Daarin kom die lewende Here Jesus, die voorwerp van die geloof, na u toe. Hy sê: "*Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie*" (Johannes 6:37).

Wie bely: "*Ek glo, Here, kom my ongeloof te*

hulp!" (Markus 9:24), sal ondervind dat die Heilige Gees, na die mate van die geloof, hierdie sekerheid uitdeel: "*Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie*" (Romeine 8:38, 39).

Ons bely dan ook nie dat die gelowige na die mate van die gevoel verseker is nie, maar na die mate van die geloof.

Die Gees getuig en leer ons om goeie werke te doen

Die sekerheid vloei ook voort uit die getuienis van die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is (Romeine 8:16, 17).

Hy leer ons om op die beloftes van God te vertrou, en werk vanuit die Woord die sekerheid in ons hart dat ons deur genade, om Christus ontwil, 'n kind van God mag wees.

Bid ons genoeg om die hulp van die Heilige Gees?

Ten slotte het die sekerheid ook alles te doen met 'n vroom lewe en "ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke".

Soek ons die Here van harte en met ingespanne kragte? Stry ons in sy krag teen die doodsvyande? Hoe gaan ons met ons naaste om? Lewe ons in liefde en wysheid met hulle, sodat ons gebede nie verhinder word nie?

'n Slordige lewe belemmer ons gebedslewe en staan in die pad van sekerheid van die geloof en

Wat is onmoontlik vir God? Nie dit wat te groot is vir sy krag nie, maar dit wat teen sy heerlike natuur ingaan.

blydschap in die Here.

'n Werklike dors na die Here, daarenteen, kom tot uiting in gebed:

“Deurgrond, o HEER, en ken die swart
verborge dieptes van my hart;
of diep in my, waar U kan lees,
'n skadelike weg mog wees.
En lei voortaan my wank'le skrede
tog op die weg van eew'ge vrede”

(Psalm 139:12, berym).

Die Here nooi gul en persoonlik: “Kom! En laat

hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet” (Openbaring 22:17). Langs die weg van drink uit die fontein van die beloftes van God, deel die Heilige Gees die sekerheid uit. En dan sing ons met volle oortuiging:

“Die HERE is my lig en my heil: vir wie sou ek vrees? Die HERE is die toevlug van my lewe: vir wie sou ek vervaard wees?”

(Psalm 27:1).

IN DIE HOFSAAL

JH Velema



Het u al 'n hofszaak bygewoon?

Voor die regter staan 'n beskuldigde wat op grond van bepaalde feite aangekla word. Die staatsadvokaat voer 'n fel betoog op grond van die feite voor die hof. Die misdaad van die

beskuldigde word met kleur en geur uiteengesit. Die aanklaer het die dossier van die getuienis teen die beskuldigde goed bestudeer, die feite agtermekaar gekry en nou vra hy die hof vir 'n skuldigbevinding en, op grond van die aanklagte, 'n swaar straf. Wie die betoog hoor, krimp ineen, die saak lyk sleg vir die beskuldigde. Almal verwag dat hy 'n swaar straf opgelê sal word.

Dan kom die advokaat vir die verdediging aan die woord. Hy betoog rustig en weloorwoë. Hy rafel die betoog van die staatsaanklaer stuk vir stuk uit en weerlê die argumente van die staat een vir een. Hy het die getuienis ook bestudeer en die swak punte opgespoor en daarop bou hy 'n sterk saak vir die verdediging. Die gesigte van die beskuldigde en sy mense helder op. Sal dinge tog nog goed afloop?

Wat sal die vonnis wees?

Die saak word drie weke uitgestel, wanneer uitspraak gelewer sal word.

God werk sy ewige doel uit in hierdie wêreld – nie net ten spyte van menslike en sataniese opposisie nie, maar ook deur middel van hierdie opposisie.

- A.W. Pink

U en ek, ons almal, is sondaars, want ons almal, sonder uitsondering, het gesondig. Ons het al God se gebooe met ons gedagtes, woorde en dade oortree. Wanneer ons voor die goddelike Regter staan, staan ons daar as beskuldigdes. Die swaarste klagtes word teen ons ingedien en ons moet, as God se Gees ons aan onself ontdek, ons koppe laat sak — die aanklaer is reg.

Kan enigiemand vryspraak verwag? Is dit hoegenaamd moontlik?

Ja! Dit is werklik moontlik.

Almal verwag dat hy 'n swaar straf opgelê sal word...

Daar is 'n verrassende, onverwagte vryspraak — die blye boodskap van die evangelie: vryspraak is vir die grootste sondaar moontlik. Nie sommer by wyse van 'n gunsie nie, maar vryspraak op regsgronde. Dit is ook 'n vryspraak wat ewig geld, omdat die gronde daarvoor onaanvegbaar is. Hoe steek die dinge inmekaar, en kan mens seker wees dat hy eenmaal sonder verskrikking voor die regterstoel van God kan verskyn?

Die laaste uitdrukking staan in die gebed voor die doop, waarin vir die te gedoopte kind gebid word: “Dat u hierdie kind van U genadiglik wil aansien, . . . sodat hy op die laaste dag sonder verskrikking voor die regterstoel van Christus, u Seun, mag verskyn”.

Belydenisaflegging word soms ‘die oorneem van ons doop’ genoem, omdat ons self die verantwoordelikheid wat ons ouers tot dusver gedra het, op ons neem. Daarom is dit goed dat ons as belydende lede van die kerk aan die gebed wat by ons doop gebid is, herinner word.

As ons die doop-gebed mooi lees dan blyk dit reeds daaruit dat Jesus Christus self die geheim van die vryspraak is. Ons sal elders breedvoeriger hieroor handel.

Dit gaan hier daaroor om deeglik voor oë te hou dat salig word 'n saak van *reg* is. Die groot ontdekking van die Hervorming was *regverdiging* (of *regverdigmaking*) deur die geloof. Die worsteling van Luther het tot 'n deurbraak gekom toe hy die woord

“*die regverdige sal uit die geloof lewe*” (Rom. 1:17; Gal. 3:11) ontdek het. Jy word *regverdig* deur die geloof alleen; deur vertroue op die werk van die Ander — Jesus Christus, ons geregtigheid. Uit Hom, deur Hom en in Hom kan ons seker wees van die verrassende, onverdiende uitspraak.

Om salig te word, vergewing van sondes te ontvang, is nie 'n terloopse presentjie nie. Hoeveel presentjies word nie sommer onnadenkend gegee nie? As dit met die saligheid die geval was, sou ons moes bang wees dat die Gewer dalk spyt sou kry dat Hy die persentjie gegee het. Die Gewer kry egter nie spyt nie, want Hy maak salig volgens reg. Hy spreek vry omdat 'n regsgrond vir die vryspraak verdien en gelê is.

Dit is heerlik dat salig word alles met die reg te maak het.

Sonde is ongeregtheid. Daarom staan ons skuldig, sonder reg teenoor God en sou dit *regverdig* wees as God niks met ons te make wil hê nie of ons vir ewig sou straf.

Self kan ons nie vir enige vorm van reg en geregtigheid sorg nie. Ons maak die skuld, die ongeregtheid, daagliks meer. God het ewenwel Self gesorg vir geregtigheid deur sy Seun — ons geregtigheid — te stuur.

Kultuur is om dit te ontplooi wat God geskape het, op so 'n manier dat die werk die Meester prys

- K. Schilder

Ek kan die hofsaal — onverdiend! — as 'n vrygespreekte verlaat, danksy die groot

Advokaat en Pleitbesorger, Jesus Christus.
Die hofsaal word 'n feessaal!

DIE PRAKTYK VAN DIE STRYD

H Westerink



Twyfel is 'n kwaadaardige vyand. Wie sal kan sê hoeveel van God se verbondskinders, gedoop en grootgeword volgens God se beloftes, het op die weg van twyfel hulle geloof verloor, sodat hulle nou sonder Christus lewe, sonder hoop en sonder God in die wêreld (Efesiërs 2:12)?

Om twyfel te haat

Dit is werklik 'n seën as twyfel ons nog verontrus en as ons, ter wille van ons behoud, ons toevlug tot God neem, want dan is dit die Heilige Gees wat daarin met ons besig is. Hy wil ons op ons gebede in geestelike nugterheid, stap vir stap in die stryd onderrig.

Nugterheid – dit wil sê dat ons rekening hou met die werklikheid van ons sondige natuur én van ons aanleg (gawes) én van die invloed van die moderne denke en lewe en, nie minder nie, dat ons ook sal kennis neem van die werklikheid en waarheid van God se genadige ontferming!

Die Heilige Gees leer ons nie om die realiteit van twyfel maar net as 'n lastigheid te ervaar nie, en ook nie om aan twyfel maar net 'n afkeer te hê, omdat dit die lewe vir ons moeilik maak nie. Nee, Hy leer ons om die twyfel *te haat*, ter wille van die wil van God, omdat ons deur twyfel die eer van God te kort doen, omdat ons Hom nie betroubaar ag nie. Hy leer ons om die stryd aan te sê en van die twyfel te ontvlug. Hoe?

Dit sal van persoon tot persoon verskil, want God het ons nie eenvormige wesens gemaak nie.

In hierdie gedeelte kan ons, wat die stryd betref, hoogstens enkele algemene wenke gee.

Godsbewyse?

Baie pogings is al aangewend om langs die weg van redenasies en sogenaamde Godsbewyse, van twyfel en ongeloof ontslae te raak.

'n Eenvoudige voorbeeld: Iemand vind iewers in 'n digte woud 'n horlosie. Wat sal hy daarvan dink? Sou hy dink dat dit vanself daar gekom het? Sou hy dink dat dit sommer vanself ontstaan het? Nee, natuurlik nie! Hy begryp dat dit van 'n mens afkomstig moet wees, en dat dit deur 'n mens gemaak is.

Wel, só kan jy redeneer dat daar in die wêreld baie wonders gesien kan word, wat veel groter is as 'n horlosie. Dink maar aan die kunswerk van ons eie liggaam en aan die lewe van bye en miere, voëls en visse, aan die prag van blomme

Gehoorzaamheid beteken dat jy posisie kies. Daarom roep gehoorzaamheid altyd 'n reaksie op in jou omgewing. Soms positief, maar dikwels ook negatief.

- P. Niemeijer

en plante. Kon dit alles vanself ontstaan het? Natuurlik nie, sê ons dan. Daar moes 'n denkende krag – sê maar 'n skepper of Skepper – gewees het wat dit alles gemaak het. So “bewys” 'n mens dan dat daar wel 'n god moet bestaan.

Ons wil egter nie probeer om deur sulke Godsbewyse die twyfel weg te redeneer nie.

Waarom nie?

Omdat God nie bewys kan word nie! God is groot. Hy is goed. Hy ontferm Hom. Hy laat Hom deur ons aanroep. Hy laat Hom deur ons vind. Maar één ding doen Hy nie: Hy laat hom nie deur ons bewys nie, Hy laat ons nie toe om Hom deur ons redenasievermoë te bemeester nie. Daarvoor is Hy, met eerbied gesê, te groot. Al sulke pogings, hoe goed dit bedoel mag wees, doen tekort aan die majesteit waarmee God Homself, nie bewys nie, maar *openbaar*. Hierdie openbaring geskied van bo af, in die skepping, in sy Woord en in die Here Jesus Christus.

Ons oorskat onself grensloos as ons meen om met ons beperkte sondige verstand te kan bewys dat God bestaan. Trouens, watter aardse vader sal ooit bereid wees om van sy kinders 'n “bewys” te aanvaar dat hy werklik hulle vader is?

Argumente

Redenasie en argumente, soos argumente wat die Bybel meer aanvaarbaar moet maak deur die sogenaamde teenstrydighede daaruit weg te neem, verdryf nie die twyfel nie.

Sulke argumente is wel nuttig en nodig en oortuigend vir dié wat glo. Wanneer die Evangelie van Johannes skryf dat dit omtrent die sesde uur was toe Pilatus die Here Jesus oorgegee het om gekruisig te word (Johannes 9:14), terwyl Markus sê dat dit die derde uur was toe Jesus gekruisig is (Markus 15:25), roep dit

natuurlik vrae op. Die ongelowige is dan vinnig om te sê: “Sien jy, die Bybel is onbetroubaar, omdat dit teenstrydighede bevat.” Vir die gelowige is dit egter 'n vreugde as hy van 'n deskundige mag lees, dat die een evangelis die Romeinse en die ander een die Joodse tydsberekening gebruik.

Die enigste weg uit die moeras is die wonderlike weg van toevlug tot God.

So 'n argument slaan wel 'n wapen uit die hand van die twyfelende mens, maar hy sal altyd weer nuwe argumente soek en vind om tog te bly twyfel. Hy sal gedurig aan homself wil vashou. Argumente genees hom nie daarvan nie.

Waaksaamheid

Die enigste weg uit die moeras is die wonderlike weg van toevlug tot God, maar dan moet ons in ons daaglikse lewe, elke dag dié weg bewandel, op 'n tyd en so dikwels as wat dit nodig is — miskien só dikwels dat dit ons tot skaamte dwing!

Dit gaan met die twyfel só, dat as ons hom die voordeur gewys het, kom hy deur die agterdeur weer ingesluit. Of hy hou hom 'n tyd lank stil om voor te doen dat hy vir goed verjaag is. Tog staan hy sonder ophou in die weg van ons gemeenskap met God.

Hoe? Miskien omdat daar in ons gebede 'n lusteloosheid ingesluit het; miskien omdat ons met minder aandag en met minder oorgawe na die Woord van God luister; miskien ook omdat ons geleidelik besig is om ons oor te gee aan die sleurgang; en wie weet op watter ander maniere nog.

Sonder dat ons direk daarvan bewus is, kan die twyfel op die agtergrond wees waar dit juis so

In diens van Christus ontvang ons baie meer as wat ons ooit sal kan uitdeel.

goed gedy, op die bodem van ingesonkenheid, van louheid en veragtering in die genade (Hebreërs 12:15), om dan opnuut, en met 'n sterk skyn van korrektheid, op ons af te kom met sy vrae. Wat ervaar jy van God? Wat sien jy en wat verstaan jy van Hom? Is dit dít wat jy verwag van die lewe deur die Gees: jou flou en lou gees - en Geestelose voortbestaan, waarin jy te min het om van te lewe en te veel om te sterwe?

Terwyl ons sonder krag is, deurdat die weg tot God vir ons (al wie weet hoe lank) nie meer 'n lewende weg is nie, sal sulke vrae 'n stewige greep op ons kry. Daarom mag ons nie indommel nie, maar moet ons waaksaam wees. Ons moet ons beywer om ons roeping en verkiesing vas te maak, sodat ons des te meer verseker mag word dat God ons werklik tot sy kinders aangeneem het. As ons dít doen, sal ons nooit struikel nie (2 Petrus 1:10) en sal ons, ondanks ons swakheid en struikelinge (Jak. 3:2), nooit heeltemal uitval uit die genade van die lewende God nie.

Die moed om bang te wees

Waaksaamheid leer ons om die moed te hê om bang te wees, om selfoorskating eenkant te skuif en ons doodsvyande te ontwyk, eerder as om daardeur verlore te gaan. Hierdie ontwyking is nie altyd moontlik nie. Ons kan en moet nie buite die lewe beweeg nie — in bus en trein, in boek en blad, deur radio en TV, in werkkring en in hospitaal, telkens voel ons dit aan ons lyf. Al sou ons wegkruip agter dik kloostermure, sou ons ook dáár onself saamneem en in ons eie hart daagliks die vyand ontmoet.

Maar as ons weet dat ons in onself swak is, moet ons nie eiesinnig meen dat ons — miskien selfs met 'n sydelingse beroep op 'n teks uit die Bybel — elke versoeking onder oë moet neem nie.

Ons dink aan die teks: *“Beproof alle dinge; behou die goeie”* (1 Tessalonisense 5:21). So asof die Skrif ons 'n vrypas gee om na ons gevoel in elke poel van ongeregtheid in te duik en daar rond te snuffel.

Dit kan dalk na swakheid lyk om 'n bepaalde boek nie te wil lees nie, nie na 'n bepaalde TV-program te wil kyk nie, die omgang met bepaalde mense te vermy — in werklikheid is daarin iets geleë van die opneem van jou kruis agter die Here aan. 'n Kruis waaraan ons oormoedigheid en selfoorskating vasgespyker word om daaraan te sterwe.



Wat dan in die oë van die mense swak lyk — *“Het jy nie eers dié boek gelees nie? Dié film nie eers gesien nie? Was jy nie eers dáár gewees nie?”* — dáárin kan die krag van God tot uiting kom. Die krag waarmee Hy in ons werk. Dit is immers uit Hom dat ons erken, en ook daarvolgens handel, dat ons nie teen ons doodsvyand opgewasse is nie. (Heidelbergse Kategismus vr. 127.)

Alleen staan?

Waaksaamheid leer ons ook dat ons as gelowiges nie alleen staan, asof ons persoonlik verplig is om, as ons in die geloof wil vorder, van alle aanvalle op God en op sy Woord kennis te dra en daarmee klaar te speel, nie.

Wie probeer om nederig te wees, is nog veels te besig met homself. Ons word nederig wanneer ons met Christus besig is.

Dit waarmee broeder “vakman” op die terrein van eksegeese, dogmatiek, etiek, sosiologie, biologie, geologie, en watter gebiede ook al, dikwels nie sal kan en ook nie sal mag verwaarloos nie; waarmee hy hom wel self intensief besig moet hou en verweer daarteen moet vind, dit hoef – gelukkig – nie elke kind van God op die selfde manier te verwerk nie. Vir hom of haar kan dit voldoende wees om te luister na die antwoorde vervat in die werk van deskundige broers en susters, en om dan só opgeskerp te word in die onderskeiding waarop dit werklik in ons wandel voor die Here aankom (Filippense 1:10).

Dan mag ons, ook in ons stryd teen die twyfel, daarin die steun van die gemeenskap, waarin

'n Kruis waaraan ons oormoedigheid en selfoorskating vasgespyker word om daaraan te sterwe.

die Here ons geplaas het, ondervind, nl. die gemeenskap van die heiliges: sy gemeente.

'n Steun, nie in die sin dat die oordeel van vakkundiges die begroning sal vorm van ons geloofswandel nie. Die begroning lê enkel en alleen in die Woord van God. Maar wel so, dat aan ons, danksy hulle dikwels moeisame werk, die wapens van die Woord uitgereik word. Wapens van lig in 'n wêreld wat vol is van die werke van die duisternis (Romeine 13:12).

Versterking soek

Dit kan, te midde van aanvegtinge, vir ons krag en rus gee, as ons toelaat dat ons deur die betroubaarheid van die Skrif oortuig word, aangesien die Here self 'n hoë prys stel op betroubaarheid.

Onder ou Israel geld: *“'n Getuie mag nie (alleen) teen iemand optree nie. . . Op die verklaring van twee of drie getuies sal 'n saak van krag wees”* (Deuteronomium 19:15).

Vir die gemeente van die Nuwe Testament geld dieselfde. Die Here Jesus leer ons dat, as 'n sondaar na jou nie luister nie, *“neem nog een of twee (getuies) met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan”* (Mattheus 18:16).

Die Here het dan ook daarvoor gesorg dat sy evangelie deur betroubare getuies uitgedra sou word en swart op wit gestel word. Toe Judas weggeval het uit die kring van die twaalf, sê Petrus *“Van die manne dan wat saam met ons rondgegaan het al die tyd waarin die Here Jesus by ons in- en uitgegaan het, van die doop van Johannes af tot op dié dag dat Hy van ons opgeneem is – van hulle moet daar een saam met ons getuie word van Sy opstanding”* (Handelinge 1:21,22).

Lukas skrywe sy evangelie oor *“die dinge wat onder ons al vervul is.”* Lukas praat dan verder oor *“hulle wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was”* (Lukas 1:1,2).

In 1 Kor. 15 som Paulus 'n aantal verskynings van die Here Jesus, na sy opstanding op; aan Petrus, aan die twaalf, aan meer as vyf honderd broers tegelyk, aan Jakobus, aan al die apostels, en ten slotte aan homself, wat almal getuies was en in Paulus se dae nog gelewe het. Daar kon by hulle nog navraag gedoen word (1 Korinthiërs 15:5 – 8).

Petrus skryf in 2 Petrus 1:16-18: *“Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en die koms van ons Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit; want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe*

Ons kan nie die lofwaardigheid van God toejuig as ons geen begeerte het om dit te verkondig nie.

hierdie stem uit die luisteryke heerlijkheid tot Hom gekom het: 'Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het'. En hierdie stem het ons uit die hemel hoor kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was."

Petrus was self teenwoordig gewees!

En ons kan nog meer noem. Indrukwekkend is die getuienis van die apostel Johannes, as hy sy eerste brief begin: *"Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe – En die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is – Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus"* (1 Johannes 1:1 – 3).

In 1 Johannes 4:14 sê Johannes, as ooggetuie wat self teenwoordig was: *"En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het"* (Lees ook Johannes 1:14).

Alles getuienisse van betroubare getuies, waaraan ons vandag nog kan vashou as die duiwel dit vir ons moeilik maak.

Geen halwe oorwinning nie

Twyfel, wat so onskuldig voorkom, kan soms vir 'n tyd teruggedwing word sodat dit lyk of dit vir goed oorwin is. Dán voel ons verlig dat ons 'n bietjie rus gegun word, en is dan met 'n halwe oorwinning tevrede.

Laat ons onself egter nie misgis nie. 'n Halwe oorwinning sal op 'n gegewe oomblik oorslaan in 'n volledige nederlaag, want die vyand sal nooit sonder slag of stoot 'n duim toegee nie.

Sodra hy die geleentheid sien, soos in die geval van vermoedheid, spanning, teleurstelling, beproewing, rou, insinking of watter moeilike omstandighede ook al, sal hy vanuit sy skuilhoek ons opnuut heftig aanval, ons opnuut met sy vrae bestorm, sodat hy weer besit kan neem van die hele huis van ons lewe.

Daarom sal ons waaksaamheid ook daarin nooit mag verslap nie, sodat ons altyd bereid sal wees, en altyd daarop uit sal wees, om die lig van God se Woord in te laat, tot selfs in die verste skuilplekke van ons hart en lewe, om dáár die duisternis, ook van ons twyfel, op te klaar.


Keffertjies

So kan dit soms ook 'n saak van geestelike en nugtere waaksaamheid wees om ons nie oor elke aanvegting wat hom voordoën, te verontrus nie.

Keffende hondjies moet jy nie probeer wegjaag nie. Laat hulle soms maar rustig net blaf. Na so 'n

As ek met vuil hande Christus omhels, dan word Hy nie vuil deur my nie, maar ek word skoon deur Hom.

- J Borgdorff



'n Gebed van Luther

*Here, as U met my
in die gerig sou tree
oor hoe ek leef en wat ek doen,
sou ek nie kon bestaan.*

*Maar omdat U vergewe sonder ophou
en beloof het dat U my
deur u Christus barmhartig is,
daarom kan ek daarop roem*

*Here Jesus Christus,
ek is u sonde, maar U is my geregtigheid.
U het op u geneem wat myne is,
my gegee wat uwe is.*

*U het op u geneem wat U nie was,
my gegee wat ek nie was.*

*So reik ek uit my hart tot U,
Here Christus,*